

MÔRE KAN *te laat* WEEES



Leonie
Erasmus

Vir die Kapenaar Leonie Erasmus is dit 'n roeping om biologiese ma's en hul kinders bymekaar uit te bring, soms ná jare. Sy huil meestal trane van vreugde . . .

deur RIETTE RUST

Santie Eloff van Hermanus het voor die groot oomblik só gebewe – die vrou in die restaurant waar sy gewag het, het voorgestel sy sit eers die groot bos blomme neer.

Toe kom die vrou ingestap.

Hulle het mekaar styf vasgehou en gehuil. Eers kon nie een 'n woord uitkry nie.

“Dit was ongelooflik,” sê Santie. “Ek hoef nie meer te wonder nie . . .”

Santie is ná 33 jaar met haar ma herenig.

“En nou verstaan my ma se hele familie ook hoekom sy elke jaar op 6 Mei 'n koek gebak het – sy het my verjaardag herdenk!”

Die vrou wat ma en dogter ná soveel jare bymekaargebring het, is Leonie Erasmus van Kleinmond in die Wes-Kaap. Twee jaar gelede het sy reeds meer as 600 ma's en hul biologiese kinders herenig – sommige selfs ná 'n skeiding van 60 jaar! Daarna

het sy ophou tel.

“As daar enige hoop is dat ek 'n ma of kind kan opspoor, werk ek onverpoos,” sê Leonie. “As ma wéét ek: Niks in die wêreld kan ooit die band tussen 'n ma en haar kind breek nie.”

Reeds in 1989 het Leonie 'n vriendin met haar broers en susters herenig, maar in 2004 het sy haar voltyds aan haar roeping begin wy. Sy werk tans aan 327 sake, “elkeen in 'n ander stadium van die proses”.

Leonie wag voor haar tuinkekkie met 'n wye glimlag. Sy praat rustig en 'n omgee-warmte straal uit haar. Sy't kennelik passie vir haar liefdestaak. Later sit sy tee en tuisgebakte koekies voor. Dis g'n wonder ma's en kinders vertrou haar onmiddellik nie.

Op haar skootrekenaar ontvang sy een ná die ander e-pos wat dikwels begin met “Ek soek al 30 jaar my kind . . .” En haar selfoon lui gereeld. Asof Leonie nie besig genoeg is nie, werk sy aan 'n boek, *Die grootste*

geskenk. Daarin vertel sy 17 ware verhale oor ma's en kinders wat herenig is. Die boek bevat ook 'n handleiding met raad. Sy onderhandel tans met 'n uitgewer. (Hou haar webwerf www.adoptedchild.co.za dop vir nuus en inligting.)

Breek die stilte

“Om mense met mekaar te herenig is 'n talent wat ek van God ontvang het. Dis nie ék wat so wonderlik is nie, ek is net God se instrument. My werk maak sin, want ek sien elke dag hoeveel vreugde dit kinders, ma's, pa's, oupas en oumas verskaf. En dit maak my dankbaar dat ék die voorreg gehad het om nie van my ouers of kinders geskei te moes word nie. Ek dink nie 'n mens besef hoe so iets jou lewe raak nie . . .”

Yvonne Thiart van Barkly-Wes in die Noord-Kaap wéét. Op 19 was sy in 'n tehuis vir ongehude moeders. Sy het